Die aanbieder en inhoud van die reis

Ds Gys van Schoor en sy vrou, Thea, (voorheen van Somerstrand- en Durbanville-gemeentes) van die Sentrum van Geloofsvorming (Greyton) het al meer as 300 predikante landswyd op die geloofsreis begelei. Hulle is ook genooi om dit in 2024 vir predikante in Namibië aan te bid.

Van die **onderwerpe** waaraan daar aandag gegee word is:

-Die herontdekking van Jesus en sy Koninkryksevangelie.

-Is jou "doing" besig om jou "being" te verlam?

-Emosioneel gesonde spiritualiteit.

-Hoe ontwikkel jy 'n langasem vir die bediening?

-Dissipelskap as geloofsvormende reis.

-Om met groter vryheid te leef.

-Hoe vind karaktertransformasie plaas?

-en ander.

Uiteensetting van die Geloofsreis

Drie jaar Reis met twee retraites per jaar

<u>Geloofsreis Jaar 1</u>

Retraite 1: 'n Meer emosioneel gesonde spiritualiteit (Ma-Do)

- Een van die grootste struikelblokke vir ons lewe saam met God is ons gebrek aan selfkennis. In hierdie retraite ontdek ons ons emosionele ongesondheid aan die hand van die werk van Scazzero. Ons gee ook aandag aan die herontdekking van Jesus se evangelie: **Ons het ons misgis met Jesus**
- **Opvolg: Jesus maak ons heel en Ons het ons misgis met Jesus**

Retraite 2: Dissipelskap as Geloofsvormende reis (Ma-Do)

- Dallas Willard help ons met ons eie geloofsvormende reis van Dissipelskap. Dissipelskap is 'n "status" en geloofsvorming (karaktertransformasie) 'n lewenslange proses.

- **Opvolg: Leer leef met Jesus en Die Reis-boekie (met 8 weke studiegids vir kleingroepe)**

<u>Geloofsreis Jaar 2</u>

Retraite 3: Die innerlike reis: vals self vs ware self

- Groter emosionele heelheid van ons verwonding is van kardinale belang vir ons vorming en omvorming.
- **Opvolg: Die innerlike reis**

Retraite 4: Hoe vind karakter-transformasie plaas?

- Dallas Willard sy boek, "Renovation of the heart", help ons om dit beter te verstaan. Die Heili Gees verander ons – maar nie onder narkose nie. Ons word aktief daarby ingeskakel. Ons kyk ook na die belang van geloofsgewoontes en ritmes.
- **Opvolg: Uitdeelstuk - Renovation**

<u>Geloofsreis Jaar 3</u>

Retraite 5: Die Heilige Gees en ons vorming

- Ons dink hier na oor die Heilige Gees se rol in ons vormingsreis
- **Opvolg: Uitdeelstukke oa van prof Willie Jonker**

Retraite 6: Refleksie oor die 3 jaar asook saamgesels oor die praktiese implikasies van die Geloofsreis vir jou bediening

- Hier word nagedink oor die implikasies van die Geloofsreis vir ons elkeen, die breër kerk, maar veral vir jou gemeente.
- **Ontwikkel 'n plan vir dissipelskap as 'n geloofsvormende reis in jou gemeente/bediening**

Noodsaaklik na Retraite 3 of as Retraite 7 Die Enneagram: Die Enneagram is 'n instrument wat ons help met selfinsig en ons ook help met wyse perspektiewe vir ons reis

Klik hier vir die inskrywingsvorm: https://forms.gle/LSivNpMTtpLecS9e8